18 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 23:1-9**

Jy mag nie valse getuienis teen ‘n ander gee nie

Hierdie gedeelte konsentreer, in aansluiting by die negende gebod, hoofsaaklik op regverdigheid en waarheid in die regsproses. Ons leef in ‘n wêreld waarin korrupsie, omkopery en valse getuienis in die howe dikwels voorkom. Die versoeking is groot om dieselfde pad te loop. Dikwels word gelowiges deur hulle regsverteenwoordigers voorgepraat ten opsigte van leuens wat hulle moet verkondig ter wille van hulle saak. Sommige lidmate land met groot geloofswroeging in die predikant se studeerkamer. Baie trek egter bloot hulle skouers op en reken dat dit maar die manier is waarop sekere dinge gedoen word en dat dit al aanvaarde praktyk is.

God leer ons egter dat oneerlikheid en verdraaiing van die reg geen opsie is nie. Die gelowige moet die reguit pad loop, ongeag die gevolge.

Wat geld vir die formele regstelsel, geld egter ook die informele reg. Ek praat nou van daardie informele hof waar almal regters is. Hierdie sittings vind plaas oral waar ons lustig oordele uitspreek op grond van die karige skindergetuienis wat ons van iemand het en vind plaas in plekke soos ons sitkamer, op kantoor of in die teekamer. Die skade wat in hierdie informele howe aan mense berokken word, is dikwels baie groter as die skade wat in korrupte regstelsels aan mense aangedoen word!

Laat ons as gelowiges ons vir ‘n regverdige regstelsel beywer. Laat ons binne die regstelsel by die waarheid bly, ongeag of ons opposisie dieselfde doen. En laat ons maar liewer die informele howe afskaf.

Sing: Psalm 15:1,2,3 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)